Laerskool Queenswood

Omsendbrief 3

2 Februarie 2011

Geagte Ouers en Voogde

MEDIALEIERS 2011:

Baie geluk aan die volgende leerders wat as medialeiers vir 2011 gekies is:



Bronwyn Bester	Danielle Bester	Cazaandra Botha
Leila Durman	Andreya Erwee	Danielle Joubert
Marcel le Grange	Megan Martin	Cathy Nel
Anna Mashitatone	Denise van Zyl	Megan Welthagen

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS:

Gedurende Februarie skryf graad twee tot graad sewe leerders Departementele Afrikaanse en Wiskunde toetse. Hiermee die datums en tye wanneer die verskillende grade hierdie toetse skryf.

Afrikaans	graad 2 en 3	9 en 11 Februarie	09:00 - 10:00
Afrikaans	graad 4	8 en 10 Februarie	09:00 - 09:45
Afrikaans	graad 5 en 6	11 Februarie	09:00 - 10:00
Afrikaans	graad 7	10 Februarie	09:00 - 10:00
Wiskunde	graad 5 en 6	9 Februarie	09:00 - 10:00
Wiskunde	graad 7	8 Februarie	09:00 - 10:00

VISBRAAI - 2011:

U word almal hartlik uitgenooi na ons jaarlikse saamkuier-geleentheid op 25 Februarie 2011 om 18:00 in die klubhuis. Hierdie pragtige tradisie is reeds in sy 21ste jaar en ons wil graag hierop voortbou met u as ons gaste. Die skool voorsien die snoek en patats en u bring u eie bykosse, drinkgoed en stoele. U en u gesin se teenwoordigheid sal baie waardeer word. Ten einde ons getalle te finaliseer, versoek ons u om meegaande skeurstrokie te voltooi en aan u kind se voogonderwyser voor of op 18 Februarie 2011 terug te besorg.

GEMEENSKAPSBETROKKENHEID:

In die skool is daar 'n paar behoeftige gesinne wat afhanklik is van hulp van die skool Graag doen ons 'n beroep op u, om indien moontlik, onbederfbare voedsel na die kantoor te stuur. Hierdie voedsel word dan onder hierdie gesinne versprei.

BOBBY VAN JAARSFELD:

Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsfeld by die skool op. Merk solank hierdie datum op u kalender. Meer inligting oor hierdie geleentheid sal later volg.

SAAMRYGELEENTHEID:

Ons is opsoek na 'n saamrygeleentheid vir 'n dogter van die skool. Die leerder woon in Soutpansbergweg, Rietondale. Indien u moontlik kan help, skakel asseblief vir Letitia by die volgende nommers: 084 993 5564 of 082 336 1903.

Indien u in die Mootomgewing bly en 'n probleem het om u kind in die middae by die huis te kry, skakel gerus vir Vanessa by 083 306 5013 of 012-332 5527 om u kind veilig by die huis te besorg.

SUBSIDIE AANSOEKE:

Ons versoek vriendelik dat alle aansoeke om vrystelling van betaling van skoolgeld teen Vrydag 4 Februarie 2011 by die finansiële kantoor ingehandig word. Indien u nog nie 'n subsidie aansoek kom afhaal het nie, versoek ons u om dit dringend te doen.

DAGBOEKE:

Die leerders wat dagboeke bestel het, sal dit nog gedurende hierdie ontvang.

Punte van belang:

Medialeiers

Jaarlikse nasionale assesserings

Visbraai

Gemeenskapsbetrokkenheid

Bobby van Jaarsfeld

Saamrygeleenthede

Subsidie aansoeke

Dagboeke

PAPIERHERWINNING:

Vanaf volgende week begin ons skool met 'n reuse papierherwinningsprojek wat baie geld vir die skool kan inbring. U kan op Woensdae en Donderdae oggende al u oortollige papiere en koerante by die fietsloods aflaai. Die graad ses leerders sal dit dan verder hanteer. Ons vra dat u asseblief die witpapier, gekleurde papier en koerante in verskillende sakke na die skool sal stuur.

PAPIER:

Die prys van papier het drasties gestyg. Om pro-aktief op te tree, sal dit waardeer word indien elke gesin 'n riem A4-papier aan die skool skenk. U kan die riem A4-papier na u jongste of enigste kind se voogonderwyser stuur.

SNOEPWINKEL:

Die snoepwinkel is daagliks tot 15:50 oop. Leerders kan gedurende pouses en ook na skool gesonde kos koop.

ATLETIEK:

Ons tuisbyeenkoms vind eerskomende Donderdag, 3 Februarie 2011, tussen 14:30 en19:30 plaas. Die skole wat deelneem is Voorpos, Villieria, Riviera, Wonderboom-Suid en Eduplex.

Die aflosbyeenkoms vind op 9 Februarie 2011 tussen 15:00 en 16:30 plaas. Die skole wat by hierdie byeenkoms deelneem is Eeufees, Eduplex, Voorpos, Du Preez van Wyk en Villieria.

RUGBY:

'n Rugbyvergadering vir die 0/6 tot 0/11 seuns word op 7 Januarie 2011 om 18:00 in die klubhuis gehou. Ons wil graag alle pappas na hierdie baie belangrike vergadering uitnooi.

GO-GIRLS:

Hierdie klasse word vir dogters op Woensdae middae tussen 17:00 en 18:00 in die klubhuis aangebied. Vir meer inligting skakel asseblief vir Jackie by 082 578 4639 of kom haal 'n pamflet by die kantoor.

DRAMAKLASSE:

Privaat dramaklasse word vir leerders op Donderdae middae tussen 13:30 en 17:30 in klaskamer 43 aangebied. Vir navrae skakel Sarina Dönges by telefoonnommer 073 175 9671.

"SPARE RIBS"

Hierdie is 'n graad 7 geldinsamelingsprojek. Sien asseblief aangehegte skrywe. Bestellings sluit 4 Februarie 2011 en aflewering vind op 8 Februarie 2011 plaas.

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan. Die graad een leerders ontvang vandag elkeen 'n aansoek vir 'n My School-kaart. Indien u nog nie een het nie, laat weet asseblief die kantoor.

MAKRO WONDERBOOM:

Indien u nog nie u Makro Skoolkortingsprogram aansoekvorm ingestuur het nie, vra ons u om asseblief dit voor 4 Februarie 2011 te doen.

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Papierherwinning:

Papier

Snoepwinkel

Atletiek

Rugby

Go-girls

Dramaklasse

"Sapre Ribs"

My School-kaartMakro
Wonder boom